# Hoofstuk van die dag: Psalm 7

> *Die skuldige is soos iemand wat swanger geraak het van onreg, swanger is van kwaad en leuens voortbring. (Ps 7:15)*

Wat die digter hier oor ’n skuldige persoon skryf, laat ’n mens diep dink. Hy sê die skuldige is soos ’n swanger vrou – die onreg wat hy binne-in hom vertroetel, groei, kry ’n lewe in sigself, en uiteindelik skenk hy lewe aan kwaad en leuens

(vers 15). Hy is soos een wat ’n diep gat met sy onreg gegrawe het en self daardeur skade ly (vers 16). Sy boosheid tref homself (vers 17).
Iemand wat onreg koester en kwaad vertroetel, is besig om ’n monster groot te maak. Dié monster sal eendag terugkom en sy lewe verwoes. Ons sien dit en lees daarvan in die nuus. Bedrog en misdaad haal jou uiteindelik in. Op die lange duur betaal onreg nie, en dié wat op die verkeerde pad is, stuur op ’n ramp af.
Vir hulle wat die regte pad probeer loop en gelowig aan God vashou, is daar troos. God sal uiteindelik as die betroubare regter vir sy kinders in die bres tree en die opregtes help (vers 11 en 12). Ook ek en jy kan ons saak rustig by God los (vgl Rom 12:19).



© Bybelkoerant 2018 – 2026